## POSSAK

### KB betower

'n Voormalige kollega aan Unisa, professor Shirley Kossick, het onlangs die November/ Desember 2003 uitgawe van die **KB** onder my aandag gebring en as kranige bibliofiel en leser was ek absoluut betower met die inhoud, asook met al die aktiwiteite van die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens.

Ek wil u graag gelukwens met 'n pragtige en leersame publikasie en wil ook sommer navraag doen of 'n individu van buite op u adreslys geplaas kan word en wat die inskrywingsfooie per jaar beloop.

Soos u in die binneblad van die tydskrif sal sien, is ek op die redaksionele komitee van ons geakkrediteerde departementele tydskrif **de arte** waarvan ek twee komplimentêre eksemplare van die jongste uitgawes onder u aandag wil bring. Daar mag moontlik net belangstelling wees by van die takbiblioteke in die Wes-Kaap. Hierdie tydskrif het in 1968 onder leiding van professor Walter Battiss tot stand gekom en soos u kan sien, het die 68ste uitgawe so pas verskyn.

*Eunice Basson*
*Senior Lektor, Unisa (Kunsgeskiedenis, visuele kunste en musiekwetenskap), telefoon (012) 429-6895, e-pos bassoel@unisa.ac.za*

*Baie dankie vir die bemoedigende woorde en 'n puik tydskrif. Ons kan* ***de arte*** *werklik aanbeveel vir biblioteke. Ja, enigiemand kan op die* ***KB*** *inteken teen 'n minimale fooi van R85,00 per jaar vir ses uitgawes. RED*

## MENSE



### 'n Bekende groet

Lerene Hamman, 'n boorling van De Doorns in die Hexriviervallei, het haar loopbaan in die biblioteekwese op 31 Desember 2003 afgesluit toe sy om gesondheidsredes as hoofbibliotekaris van die Durbanville Biblioteek bedank het.

Lerene se loopbaan het haar draaie laat maak in Keetmanshoop, Worcester en Upington. By laasgenoemde twee biblioteke ook as hoofbibliotekaris. Nadat Lerene etlike jare by die Provinsiale Biblioteekdiens in Kaapstad werksaam was, het sy op 1 Mei 1991 by Durbanville Biblioteek begin werk.


Durbanville het 'n snelgroeiende gemeenskap wat hoë eise aan die biblioteek stel. Onder haar leiding is die biblioteek vergroot en die saal opgegradeer wat 'n groot behoefte vul. Rekenarisering het in 1997 plaasgevind wat tot beter dienslewering gelei het. Lerene het 'n Vriende van die Biblioteek gestig wat vir die biblioteek van groot waarde en hulp is.

Ons beste wense vir 'n genotvolle aftrede en geniet jou oumaskap!

### Welcome to new minister

The new minister of Cultural Affairs, Sport and Recreation, Chris Stali, was sworn in on 30 April 2004. He has been a member of the Provincial Legislature since 1999.

Zandisile Christopher Stali hails from the Eastern Cape. He completed a Human Resources Management Diploma at Damelin College and worked at Stock and Stocks as HR manager. He then became the provincial secretary for the Construction and Allied Workers' Union, which is part of Cosatu.



Minister Stali entered the Provincial Legislature in 1999 as the ANC spokesperson on sport, recreation and tourism. A year later he became the deputy chair of the Portfolio Committee on Housing and Transport, and in 2002 the spokesperson on Tourism.

Mr Stali says he is passionate about sport. He plays soccer at amateur level and has been involved in sport structures in Khayelitsha. He lives in Mandalay with his wife, Nokuzolo and their two daughters.

*Active News*

### Appointment

Tommy Matthee, Drakenstein's chief librarian, has recently been appointed as member of the Council of Minerals and Energy, Arts, Culture, Science and Technology.

The Department of Arts and Culture congratulates him on this achievement.

***E-news in brief from Meta-information***

## LITERÊRE TOEKENNINGS

### Struik se wen kookboeke

Twee boeke van die uitgewer Struik is pas met internasionale Gourmand Kookbokpryse bekroon. **Fig jam and foxtrot**, deur Lynn Bedford Hall en met illustrasies deur Tony Grogan, is as die wêreld se bes geïllustreerde kookboek aangewys. **The collection cookbook** deur Liz McGrath het 'n spesiale toekenning gekry in die kategorie, Best Culinary Professional.

### Harry Potter wen weer

Harry Potter het weer stof in ander se oë geskop. Die keer in volwassenes s'n.

JK Rowling se **Harry Potter and the order of the Phoenix**, die vyfde boek in die reeks, is aangewys as die wenner in die afdeling fiksie vir volwassenes in die WH Smith Boekkompetisie. Meer as 148 000 lesers het gestem om die wenners aan te wys. Ian Rankin, James Herbert, Colum McCann en Mark Haddon was ook op die kortlys.

Die debuutprys is toegeken aan Monica Ali vir **Brick Lane**, 'n roman oor die Bangladesjiese gemeenskap in Londen.

Die Amerikaner Richard Powers het die WH Smith Prys vir Letterkunde gekry vir **The time of our singing**. Die wenner in die afdeling vir tienerfiksie is Terry Pratchett vir **The wee free men**.

In die afdeling vir biografieë / outobiografieë het Nigel Slater se **Toast** die boeke van Michael Jackson, die Rolling Stones en Paul Burrell, voormalige lyfbediende van prinses Diana, geklop.

Barbara Cassani, voorsitter van Londen se bodkomitee vir die Olimpiese Spele, se **Go: an airline adventure**, is die beste boek in die sake-afdeling. Die komediant en Oscar-wenner Michael Moore het die prys vir nie-fiksie gekry vir **Dude, where's my country?**

***ananova.com***

# NEWS NEWS

## ALLERLEI

### *Leeskringnuus*

**Strand**

Die jaar se leeskringbedrywighede skop af in die biblioteeksaal, met Piet Grobler as gasspreker. Elfie du Toit het 'n potpourri van sy werke as uitstalling gedoen.

Piet loop 'n pad van predikant tot joernalistiek tot kinderliteratuur. Die bindende faktor was die oordra van 'n boodskap: *kommunikasie*. Hy het so pas 'n M-graad in Beeldende Kunste verwerf, asook verskeie toekennings vir kinderlektuur, selfs een van Unesco.

Piet Grobler se werk word sterk beïnvloed deur die post-modernisme en die magiese realisme (versus surrealisme).

Met behulp van skyfies neem hy ons deur die wêreld van kinderliteratuur - op 'n toer van Iran tot Pole en Denemarke, van Soweto tot Soedan - en oraloor.

Beslis baie meer as **Net een slukkie, Padda!**

*Carina Rabie*
*Samesteller*

**Bergvliet**

Die Bergvliet Leeskring is in September 1980 onder leiding van Anita Volschenk van die Departement van Nasionale Opvoeding met sewe lede gestig. Die skryfster Audrey Blignault was die gasspreker.

Drie-en-twintig jaar later bestaan die leeskring nog steeds, en is die vergadertyd presies dieselfde: die derde Maandagoggend van die maand. Die ledegeld is R20 per jaar, en die ledetal is nou 14. Die plaaslike biblioteke help met boeke, alhoewel lede self ook boeke aanskaf. Die leeslys word jaarliks deur lede saamgestel. Noemenswaardige Afrikaanse boeke wat gedurende die jaar verskyn het, word op die leeslys vir die volgende jaar geplaas. Lede neem beurte om gasvrou te speel en om boeke te bespreek. Ons kry altyd wonderlike samewerking van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN).

Deur die jare was ons bevoorreg om besoek te ontvang van verskeie skrywers (sommige van wie reeds oorlede is), onder andere, Rona Rupert, ID du Plessis, IL de Villiers, Lina Spies, FA Venter, Freda Linde, Anna M Louw, Marzanne Leroux-Van der Boon, Esmé Mittner, Audrey Blignault, Rykie van Reenen, Alba Bouwer, WA de Klerk, Joyce Waring, Cora Coetzee, Philip de Vos, Kowie Rossouw, Dan Sleigh, Rachelle Greeff, Petra Müller, Daniël Hugo, Adam Small, Juanita le Roux, Riana Scheepers, MM Walters, George Weideman, Kirby van der Merwe. Elke besoek was verrykend.

Jaarliks word 'n kulturele besienswaardigheid in en om Kaapstad besoek - en vanjaar is dit die Groote Schuur-landgoed.

Daar is groot planne vir feesvier met hullle 25ste verjaardag volgende jaar. Die grootste waarde van hierdie leeskring is die genot wat die lede daaruit put om die boeke te lees, dit met mekaar te bespreek en om wonderlike leesvriendskappe te bou. In 'n omgewing wat hoofsaaklik Engelssprekend is, en waar daar heelwat Engelse leeskringe is, is die Bergvliet Leeskring vir sy lede 'n kosbare skat.

*Antoinette Coetzee*
*Voorsitter*

**Stellenbosch: 1971-2004!**

Die mate waarin hierdie leeskring oor 33 jaar die groepie 'Saamlesers' se lewens verryk het, is onmeetbaar. So ook die skat van herinneringe. Sou mens uit vyf vol notuleboeke verslag hieroor moet doen, kan net hoogtepunte geraak word.

Die enigste vereiste vir lidmaatskap is liefde vir en belangstelling in letterkunde, veral ons eie. Daar word volgens 'n program gewerk, en elke lid kry ook 'n beurt om poësie van haar keuse voor te lees.

Lede kry opsommings van boekbesprekings, ook afskrifte van die gedigte, en bou so hul eie versamelings op.

Jaarliks word skrywers of digters uitgenooi om hulle te besoek; dit word sonder uitsondering wonderlike aande. Besoekers was, byvoorbeeld, dr Anna Boëseken oor slawehandel, prof HJ Grosskopf oor joernalistiek, Alba Bouwer (kinderboeke), prof J du P Erlank (sy lesing oor *Die toekoms van Afrikaans*, in sy eie handskrif is aan NALN van Bloemfontein gegee). Ander besoekers was, onder andere, Mark Behr, Etienne van Heerden, Marius Titus, Lina Spies, Ina de Villiers (**Kook en Geniet**) Abraham de Vries, Petra Müller, Amanda Botha, en andere.

Hester Heese was 'n lid tot haar dood. Vir haar is 'n huldigingsaand aangebied. Die lede het mev Tinie Voster besoek; haar bedank vir haar boek oor die skatte van Groote Schuur. (Uit ou Parlement-koppies teegedrink!)

Toe FA Venter hulle besoek het, (toe hy sy naam nog kon onthou!), het hulle vir hom as geskenk 'n spekvet skaapstert gegee om kaiings van te maak.

Boerneef se stiefbroer, Gerjo van der Merwe, het ook besoek afgelê, en hulle met 'n brief bedank waarin hy 'n pragtige eie gedig ingesluit het.

Die lede het Marie Opperman besoek, en in haar man se studeerkamer 'n waardering van sy werk gelewer.

In 1991 het hulle prof Felix Lategan in Kleinmond besoek, die werk van DF Malherbe bespreek, en 'n koperplaat by sy 'rotsstoel' onthul. Hierdie was ook die leeskring se 21ste bestaansjaar. Elf leeskringe van Stellenbosch het gedeel in 'n onvergeetlike aand met Audrey Blignaut as eregas.

Die jaar word gewoonlik afgesluit met 'n altyd-pragtige Kersete.

Opregte dank aan Stellenbosch Biblioteek vir soveel bystand deur baie jare!

*Ronél Loots*
*Samesteller*

### Biblioteekpyne pla

Die interne ondersoek wat na 'n amptenaar gelas is omdat hy die personeeltekort in biblioteke gekritiseer en ook 'n vinger na sy senior gewys het, durf nie die werklike knelpunte oorskadu nie.

## ERRATUM

*Our apologies for the incorrect picture which appeared on the bottom right of page 43 in the Mar/Apr 2004 issue of the* **CL.**

*Featured here is the correct artwork.*
*The caption reads…*

*One of six screenprints which is part of the portfolio done by Pippa Skotnes for her thesis for a Master's degree in archaeology in which she portrays…*
*'a censure of man's arrogance and the destruction he has wrought around him'*



Biblioteke soos Bellville, Durbanville en Milnerton se ure moes al ingekort word omdat die te min personeellede in die onderskeie biblioteke nie hul werk kan afhandel én die publiek kan bedien nie.

Daar is 'n magdom administratiewe take wat biblioteekpersoneel moet afhandel benewens om boeke te stempel. Boeke wat ordelik op die rakke teruggeplaas word, is een daarvan.

In Durbanville moes twee personeellede 1 700 boeke wegpak voordat die biblioteek die oggend sou oopmaak. Hulle kon nie. In Parow se biblioteek het 'n woordvoerder die personeelsituasie as 'n 'verskriklike probleem' bestempel.

Biblioteke is nie net vir bevoorregtes nie - hulle kan boeke koop. Biblioteke is juis vir dié wat smag na kennis maar dit nie kan bekostig nie. Skoolbiblioteke kan nie naastenby aan die aanvraag vir inligting voldoen nie.

Biblioteke in die noordelike stadsgebiede word deur 'n magdom leerlinge en studente gebruik - ook uit voorheen benadeelde gebiede soos Mitchells Plain, Ravensmead, Khayelitsha en Guguletu. Durbanville se biblioteek is een van die besigste in Kaapstad.

In Kraaifontein moes die bibliotekaris al toilette skoonmaak.

Mag die interne ondersoek ook aan die grondoorsaak van die amptenaar se ontevredenheid aandag gee. Dit is baie belangrik.

*TygerBurger*

## After library strategy

With reference to the article *R13m grant to turn city library...* (**Cape Times**, March 25), Ernest Sass is quoted as saying the city was in the 'design phase' of refurbishing the Drill Hall. The plan to renovate the Drill Hall and use it as a library is praiseworthy but the community must be consulted.

I understand the grant from the Carnegie Foundation is conditional on its being used for library materials. It is not for fitting out the building.

Surely it's unethical to accept money to improve services when a lack of staff is so critical that libraries across the city are cutting opening hours? Does the city envisage technology replacing people?

Some visionary strategic planning needs to be done for libraries.

*Anna Louw*
*Chairperson, Indaba of Friends of Libraries*
*Somerset West*
***Cape Times***

## Kaapse Bibliotekaris

### 400 jaar gelede...

Ach waar is het verdommende klippe vir de Post? Deze Hoiniquas vragen ook heel veel vir platten klippen. Misshien zulle onze vragen vir de Heeren van de VOC om een ordentlijke verversingspost aan dezen Kaap te vestigen. Menz kan verdompt niet zo sukkeln...

## Cape Librarian

### 40 years ago...

- The mechanics of the book selection process is explained and the editor writes that the tempo of book selection becomes increasingly urgent in months which correspond with the Spring and Autumn publishing seasons in Britain.
- For people interested in the history of Kimberley Public Library, there is a delightful article by retiring librarian Olive McIntyre, who reminisced about interesting library borrowers during her 46 years in the library. One gentleman, she recalled, used a sharp razor blade to cut out offending pieces from Ovid's **The art of love**, and Chaucer's **The Reeve's tales**.
- Die debat oor ligte leesstof duur voort. Thys du Preez se mening: 'Ligte leesstof lei ons weg van die werklikheid. Dit verskaf geen oplossing vir ons probleme nie en die ontspanning wat dit meebring, is tydelik en oppervlakkig. Dit is soos dronkenskap - 'n tydelike middel tot ontsnapping van probleme. En dit is net so nadelig, want ons onderbewuste word beïnvloed deur die skynwerklikheid wat die skrywer vir ons opdis...' Mary Kleinschmidt daarteenoor: 'How can anyone judge the impact any book will have on any one person? If a woman is going through a soul-destroying patch in her marriage, can we argue that she is wrong to turn, on occasion, to a Romance? These romances do at least preserve the idea that love is a fine and lasting thing and marriage always a success.'
- Wat beteken die woord lees? Die Anglo-Saksiese woord *raed* beteken *om raad te plaag*. Die Sanskrit woordstam *radh* beteken *om te bereik*, *te verkry*. Die ou Romeine het die Latynse woord *Lectio* gebruik wat beteken *om te versamel*.
- Personalia: *Sweet Sixteen*: Ngqeleni Public Library has an attractive, blonde librarian in Noreen Wade, who is sixteen years old and also runs the village store.

*Stefan Wehmeyer*

## United Nations years and decades

*International years*

2004 International Year of Rice

2004 International Year to Commemorate the Struggle against Slavery and its Abolition

2005 International Year of Microcredit

*International decades*

1994-2004 International Decade of the World's Indigenous People

1995-2004 United Nations Decade for Human Rights Education

1997-2006 United Nations Decade for the Eradication of Poverty

2001-2010 International Decade for a Culture of Peace and Non-violence for the Children of the World

2001-2010 Decade to roll back Malaria in Developing Countries, particularly in Africa

2003-2012 United Nations Literacy Decade: Literacy for All

*Proclaimed by the United Nations General Assembly*

NEWS NEWS

# Fees in die Klein Karoo

Vanjaar was die tiende jaar van die KKNK en die sesde jaar dat ek dit bywoon. Ek kan dus nie oor die hele 10 jaar 'n oordeel vel nie, maar ek kan wel sê hoe sekere aspekte van die fees die afgelope ses jaar verbeter het.

Heel bo aan die lys is seker die feit dat mens nou op bespreekte sitplekke sit. Die gewone stanery en gejaag na die beste sitplekke is verby - dankie tog daarvoor.

Sedert 2003 het daar nog 'n groot verbetering gekom in die verkoeling van die sale. Vanjaar was ek nie in een saal waar daar nie aircon was nie. Dit is nou werklik een van die beste dinge, want ek het al besluit om nie 'n show te gaan kyk in sekere sale nie as gevolg van die versengende hitte. Dus baie dankie daarvoor!

Die volgende ding wat aandag behoort te kry, is die sitplekke. Kyk, die meeste lokale het normale stoele wat gangbaar is, maar die ABSA Kleinkaroo Grootsaal het plastiekstoeltjies wat menige 'gewigtige' feesganger laat les opsê het. Persoonlik wou ek die stoel seremonieel stukkend kap sodat ek nooit weer daarop hoef te sit nie!

Ten spyte daarvan dat dit die 10de KKNK was, met 'n rekordbywoning, was die eerste paar dae glad nie so woelig soos verwag nie. Die weer was ook lekker koel en op Saterdag, 3 April, het die moeder en vader van donderstorms Oudtshoorn getref. 'n Boom is aan die brand geslaan skaars 800 meter van waar ek gebly het.

Dit was vir my nogal opvallend dat die shows baie goed ondersteun was. Ek was altyd in vol sale ten spyte van die nogal kwaai verhoging in pryse. As gevolg van die prysverhoging van shows van gemiddeld R55 tot R69 moes mens uiteraard meer selektief kies en het noodgedwonge dus goeies gemis.

Die een les wat ek geleer het, is dat iets wat by Aardklop 'n groot sukses was, nie noodwendig by die KKNK 'n sukses is nie. Miskien is ons meer gesofistikeerd of is daar net meer shows van goeie gehalte by die KKNK. My enigste 'flop' was dan ook een met die titel, **DIVAS**, wat baie gewild was by Aardklop, hoekom, sal net hulle weet!

Uitstekende shows wat ek wel gesien het, was **Maria die Buenos Aires** wat die Kanna prys vir die beste produksie gewen het. Ek kan nie glo watter puik sangstem Dawid Minnaar van **7de Laan** faam het nie. Die man kan gerus al sy woorde sing! Nicole Holm was nog 'n openbaring en het dan ook 'n Kanna gewen vir die beste vertolking in kabaret en musiekteater. Van die wellustige Maria in bogenoemde produksie tot haar uitbeelding van Marjorie Wallace in **Jan en Jorie** het sy bewys dat sy 'n blink toekoms in die toneelwêreld het.

As 'n onbeskaamde Amanda Strydom fan moet ek erken dat haar eenmalige vertoning van **Kaalvoet** waar sy haar liriekeboek bekendgestel het, vir my 'n hoogtepunt was. Die boek is uitgegee deur die uitgewers Genugtig wat deur die Nagtegaals en Jeanne Goosen gestig is. Ek het na die tyd met mnr Nagtegaal gepraat en hy het bevestig dat hulle nog projekte beoog om Afrikaanse titels te publiseer waarin die hoofstroomuitgewers nie belangstel nie. Amanda het ook 'n Kanna vir **Verspreide donderbuie** en **Kaalvoet** as beste vroulike kunstenaar ontvang. Nog 'n diva wat ook eintlik 'n toekenning moes kry, was Gloria Bosman. Haar twee shows was uitmuntend en het die standaard vir alle vroulike kunstenaars gestel.







Die show wat my die meeste geboei het, was **Die hangkas haas**, waarin die hele kwessie van gays en die persepsies wat by mense bestaan in kabaretvorm uitgebeeld is. Feitlik almal het die lokaal met betraande oë verlaat.

Alhoewel ek nie vir **Oom Wanja** kaartjies kon kry nie, was dit een van die hoogtepunte van die fees. Ander toneelstukke wat uitstekend was, was **Cry the beloved country** en **Tshepang** waarvoor Mncedusi Shabanga 'n Kanna vir die beste vertolking in toneel en woordkuns ontvang het. Dit was voorwaar 'n kragtoer.

Daar was natuurlik ook die produksies wat mens net vir die lekkerte gaan kyk het, soos **Op die vrou af** - 'n verwerking van Andrè le Roux se **Sarie** rubriek met Pedro Kruger en Sarah Theron. Mens het behoorlik gelê soos jy lag. Die immergroen David Kramer het met 'n groep musikante wat hy ontmoet het tydens sy Karoo Kitaar Blues projek en sy film **Langpad**, sy eerste nuwe album in vyf jaar bekendgestel. Die Sonskynsusters, in hul kerkpakkies met hoed en al, het as agtergrondsangers geskitter!

Koos du Plessis se lewe is uitgebeeld in **Nagkantoor**, wat deur PG du Plessis geskryf is. Dit was 'n pragtige show wat mens weereens herinner het aan die talent van Koos du Plessis as liedjieskrywer. Daar was nog baie goeie shows waarvoor ek nie tyd of geld gehad het nie - 'n mens moet darem ook die grootste kunstemark in Suid-Afrika besoek en jou verwonder aan wat die mense alles verkoop en dat daar mense is wat wel die goed koop!





Die meeste stalletjiehouers het na die eerste paar dae breed geglimlag, so ek vermoed dit het goed gegaan met hulle. Ons het wel op die voorstoep van my blyplekkie 'n hele reeks klere en fieterjasies verkoop en glo my, die note het ingerol! Ek vermoed ek moet volgende jaar my fees subsidieer met 'n klomp ou goed uit my garage.

Ten slotte kan ek net sê dat vanjaar se KKNK opvoerings vir my van 'n beter gehalte was as wat ek ander jare ervaar het, miskien omdat ek meer konserwatief was met die bywoning daarvan. Ten spyte van al die doemprofete en kritiek bly die KKNK nog die hoogtepunt van my jaar!

*Liesel de Villers*
*Adjunkdirekteur*


*Heel links bo:* ***Kaalvoet***
*Heel links:* ***Maria die Buenos Aires***
*Links bo :* ***Die hangkas haas***
*Links:* ***Tshepang***

2004



◁ *As result of the airconditioning system having lost its effectiveness the north facing façade of our Head office building in Cape Town is being clad with non-adjustable sun shields - an enormous operation*

▽ *The excavations in front of our head office are deafeningly noisy, making for difficult working conditions, so please bear with us if we don't reach the mark at times*






△ *It is only a matter of time before the staff of the Provincial Library Service housed in the front section of the building will no longer be able to appreciate the lovely views of the harbour and Waterfront. Not only that, if the enormity of the excavations is anything to go by then the size of the building to be erected will blot out any possible view and also light. In the light of this (excuse the pun), the non-adjustable sun shields being fitted to the windows are perhaps a bit of overkill..?*

▷ *A poster-making workshop was held at Head Office in February this year. Monica Wagner our resident graphic designer, discussed methods and tips which were included in the booklet given to each person. She also displayed various posters and promotional material in different forms with detailed information on how to create them. The demonstration was followed by a practical hands-on session during which everyone made an item. Featured in this happy picture are the delegates with various examples of their creative inspiration*








△ *Francis van Wyk, reeds 23 jaar bibliotekaris van Laingsburg Openbare Biblioteek, het hierdie weergawe van Bhuki se maatjie wat op die Biblioteekweekplakkaat pryk, van materiaal gemaak. Sy moet nog 'n naampie kry en daar word gewag vir voorstelle van biblioteke*

▷ *Francis het ook hierdie boekomslag gemaak. Die letters is op die materiaal geverf en versier. Dit is gebaseer op die ontwerp van vanjaar se plastieksak wat vir Biblioteekweek geproduseer is*

## NEW PUBLICATIONS

A poster by freelance artist Clem Robertson for displays promoting books on disasters, a popular subject in public libraries

